education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## ONTWERP

## MODELVRAESTEL

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 hours**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

**142 1 AT**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Daar is 10 vrae in hierdie vraestel.

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees die instruksies by elke vraag aandagtig deur.

4. Beantwoord in volsinne en vermy ... .

5. Gebruik die puntetoekenning om sodoende te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag spandeer moet word.

6. MOENIE feite in verskillende vrae herhaal nie.

## QUESTION 1

1.1 Verduidelik wat ontwerp beteken. (10)


1.2 Kies EEN van die produkte wat hieronder getoon word. Benoem die produk en verduidelik die ontwerpprosesse en die ontwerpprosedure wat gevolg is om die produk te ontwerp en te produseer vir finale bemarking van die produk. (15)



'n Stoel deur Haldane Martin gebaseer op inheemse mandjies



'n Keramiekvaas deur Simon Msilo gebaseer op Zulu-potte




Boekomslag deur Keith McEwan en David Lancashire

**[25]**


## QUESTION 2

2.1 Tekenkuns is 'n belangrike deel van die ontwerpproses. Gebruik 'n pen of potlood en illustreer en benoem VIER tekentegnieke wat jy gedurende die jaar gebruik het.


Kopieer die volgende blokkie in jou antwoordeboek om sodoende die vraag te beantwoord.

(12)

2.2 Verduidelik die verskille tussen figure A en B.




A



B

(4)

2.3 Daar is verskeie positiewe en negatiewe fatsoene in die onderstaande logo. Identifiseer en verduidelik hoe hierdie fatsoene gebruik word om hierdie logo te skep.





(3)


Kopiereg voorbehou 

2.4 Verduidelik die verskille tussen figure A en B.

A



B




(4)

2.5 Noem die DRIE primêre kleure. (3)


2.6 Noem die DRIE sekondêre kleure en verduidelik hoe die ontwerper elkeen meng. (6)

2.7 Noem die DRIE pare komplimentêre kleure. (3)

2.8 Beskryf en besrpeek die ooreenkomste en verskille tussen die ontwerpe soos hieronder geïllustreer.



A Madiba hemp deur Sonwabile Ndamase.



Ester Mahlangu se huis, 1987-
Ndebele mural

2.9 Waarom dink jy skep mense patrone om op oppervlaktes of op ontwerpte produkte te plaas? (2)

2.10 Verduidelik die verskil tussen 'n patroon en 'n motief. (2)

**[43]**

**QUESTION 3**

3.1 Identifiseer die illustrasies gemerk A, B en C.

Plaas hulle in een van die volgende kategorieë: teken; logo; simbool; produk

A



B



C



(3)

3.2 Die volgende is twee logos van populêre voetbalklubs in Suid-Afrika. Nie een van die logo-ontwerpe reflekteer enige invloed van Afrika of Suid-Afrika nie. Skryf 'n paragraaf waarin jy jou mening oor die ontwerpe uitspreek.







(4)
**[7]**

**QUESTION 4**

Noem en verduidelik VYF beginsels van ontwerp. Jy mag van illustrasies/sketse gebruik maak om sodoende jou antwoord te verduidelik. **[10]**

## QUESTION 5

Definieer enige VYF van die volgende terme. Jy mag gebruik maak van illustrasies om jou antwoorde toe te lig.

* Monokromaties
* Kontoerlyne
* Fokuspunt
* Kleurkwaliteit
* Grafies
* Harmonie
* Organiese vorm
* Geometriese vorm
* Lettertipe
* Abtraksie **[10]**

## QUESTION 6

Gedurende die eerste jare van jou ontdekkingsreis in ontwerp, het jy verskeie mediums gebruik.

* Klei
* Droë pastelle
* Oliepastelle
* Gouache
* Houtskool
* Potlood
* Pen en ink
* Enige ander mediums van jou keuse **[10]**

## QUESTION 7

Skryf 'n artikel vir 'n ontwerptydskrif waarin jy di ewerk van 'n kontemporêre ontwerper bevorder.

In jou artikel, oorweeg die volgende:

* Historiese agtergrond
* Intensies van die ontwerper of invloede
* Produksie of vervaardigingsmetodes
* Metodes van bemarking
* Verwys na en analiseer ten minste EEN spesifieke stuk of projek deur die ontwerper **[20]**

Kopiereg voorbehou 

**QUESTION 8**

Die Hippo Water Roller is 'n balievormige houer wat ontwerp is om 90 liter water te vervoer. Dit is gemaak van duursame ('tawwe') polyethylene (plastiek) materiaal.

Verduidelik die wyse waarop hierdie innoverende ontwerp die gemeenskap kan affekteer. In jou antwoord, verwys na moontlike probleme en voordele wat hierdie ontwerp vir die mense wat dit gebruik bied.



**[10]**

**QUESTION 9**

Jy wil vir befondsing vanaf die Nasionale Lotery vir jouself as voltydse ontwerper aansoek doen.

9.1 Identifiseer jou veld van spesialisasie/moontlike ontwerp gebied.

9.2 Beskryf hoe 'n ideale werkstasie/studio vir jou ontwerp dissipline/kategorie sal lyk. Jy mag diagramme teken en jou beskrywing van die plek gee.


9.3 Verduidelik watter basiese gereedskap jy vir hierdie studio/werksplek sal benodig en waarom jy dit benodig. **[10]**

Kopiereg voorbehou 

**QUESTION 10**

Die twee plakkaatontwerpe hieronder is gedurende die apartheidsera ontwerp. Vanuit 'n ontwerpperspektief, watter EEN van die twee ontwerpe, in jou opinie, is die mees suksesvolste? Motiveer jou antwoord.

**A**




**B**




**[6]**

**TOTAAL: 151**

Copyright reserved